

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Edwards (304/83) [1984] ZASCA 157 (29 November 1984) [1984] ZASCA 157

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Kotzé, Hefer, Eloff

CASE / FILE NUMBER

304/83

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAAK NO. 304/83

/ccc

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

PATRICK EDWARDS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM: KOTZÉ, HEFER ARR et ELOFF Wnde AR

VERHOOR: 26 November 1984

GELEWER: 29 November 1984

UITSPRAAK

ELOFF/

2.

ELOFF, Wnde AR:

Die appellant is deur 'n

landdros skuldig bevind aan handeldrywe in 'n hoeveel

heid tablette bevattende metakaloon, en hy is ge

vonnis tot vyf jaar gevangenisstraf. Na 'n onsuksessevolle appèl na die Kaapse Provinsiale Afdeling (Regters Burger en Vos), wat vervolgens verlof tot verdere appèl geweier het, kom hy op appèl na hierdie hof teen sy skuldig bevinding nadat verlof in terme van artikel 21(3)(a) van Wet 59 van 1959 toegestaan is.

Die aanklag het voortgespruit uit polisieoptrede waaraan 'n aantal konstabels o.a. Juon en Jansen deelgeneem het. Volgens eersgenoemde se getuienis/

3.

getuienis het hy en ander lede van die mag 'n sekere perseel in Claremont, Kaap, binnegegaan om 'n klagte dat dagga gerook word, te ondersoek. In die agterplaas het hy 'n aantal persone insluitende die appellant aangetref. Hy het hulle deursoek, en in die bosak van die appellant se hemp 'n aantal pille in 'n sellofaan houer gevind. Omd'at hy gedink het dat die pille Mandrax is wat metakaloon bevat, het hy op die houer met pille beslag gelê en die appellant gearresteer. Die ander aanwesiges is ook aangehou en na 'n polisievoertuig geneem. Op pad na die voertuig het die appellant probeer ontsnap, maar konstabel Jansen het 'n rewolwerskoot na hom gevuur en hom gewond. Hy is/

4.

is gevang, en later o.a. aangekla van die oortreding van artikel 2(A) van Wet 41 van 1971. In die verhoor

het die staat ook getuïenis aangebied om te toon dat die betrokke pille metakaloon bevat het.

Die appellant se relaas was dat geen houer bevattende pille in sy hemsak gevind was nie. Toe die voormelde lede van die polisiemag die betrokke agterplaas binnegekom het was hy en die ander aanwesiges besig om perskommendaar oor sekere perde wedrenne te bespreek. Konstabel Juon het hulle deursoek, en toe hy by die appellant kom, het hy gebuk om voorwerp op te tel wat op die grond tussen hom en 'n vrouepersoon genaamd Shelley gelê het. Dit was 'n houer/

5.

houer met pille in. Hy was totaal onbewus van die aanwesigheid van die voorwerp totdat Juon dit te voorskyn gebring het. Juon het dit aan hom gestel dat dit Mandrax pille was. Hy het egter nie toe voorgegee dat die houer van die appellant se hemsak afkomstig was nie. Die appellant is gearresteer en tesame met die ander persone wat in die agterplaas was. na die polisievoertuig begelei. Toe hulle naby die polisievoertuig kom het hy, op die ingewing van die moment, besluit om te probeer vlug. Soos voormeld is hy egter gewond en weereens onder polisiebeheer gebring In die landdrosverhoor was die staat gedaag tot bewys daarvan dat die pille wat Juon gevind/

6.

gevind het, wel metakaloon bevat het. Die landdros
het bevind dat die betrokke bewering in voldoende mate
bewys is. Die bevinding is in betoog voor ons aangeveg
In die lig van die gevolgtrekking wat ek ten opsigte
van die ander aspek van die saak bereik het, is dit
onnodig dat ek daaroor uitsluitel moet gee. Ek
ag dit egter nodig om kommentaar te lewer oor die
nalatigheid wat ek bespeur in die optrede van die
verantwoordelike amptenare in die daarstelling van be-
hoorlike rekords om te toon dat die pille waarop
konstabel Juon getuig het, dié was wat later deur die
Forensiesewetenskap-Laboratorium ontleed is. Konstabel
Juon was nie in staat om te getuig of hy self die
saaknommer/

7.

saaknommer op die koevert waarin die pille in 'n
kluis in die Claremont polisiestasie geplaas is,
noteer het nie; die verantwoordelike amptenaar van
die Departement wat die pille by die polisiestasie
kom kry het, was vanweë die afwesigheid van kontemporêre
notas onseker of die pille los in 'n koevert, of in 'n
plastiese houer was; en die moontlikheid is gebied om die
voldoendenheid van bewys te bevraagteken. Dit is van
belang dat presiesheid van optrede ter aansien van
hierdie sake nagestreef word.

Ek wend my nou na die wesenlike feite-
dispuut in die saak. Benewens konstabel Juon het die
staat konstabel Jansen geroep. Sy getuienis was egter,

volgens/

8volgens die landdros se oordeel, van geen waarde, en dit is geignoreer. Die landdros was nogtansgunstig beïndruk deur konstabel Juon, en kon geenfout met sy getuienis vind nie.

Aangaande die appellant segetuienis het die landdros hom soos volg uitgelaat -

"The Accused's version of what occurred on this particular day, differs to a great extent from the evidence of the State but it also differs from the line of cross-examination on the State witnesses. At first all the people were looking through a paper but it later transpired that only some were looking at the paper whilst the others were looking at a race card. According to the cross-examination levelled at Constable Juon, he did not know what kind of tablets it were and that he asked the Warrant-Officer whether it

was/

9.

was Mandrax. According to the Accused the other policeman, apparently the Warrant-Officer, looked at the tablets and decided that it was Mandrax.

In the evidence-in-chief the Accused described his "escape", as "I just thought why am I handcuffed, so I ran". At closer examination it transpired that the Accused ran because he saw that the Constable's attention was diverted

for a moment. Under cross-examination he told the Court he thought he had been arrested for Mandrax. In other words in his own words he thought that,

and in his own mind, he thought that he was under due arrest and took the

opportunity to escape in contrast to what he told the Court through his

Legal Representative what his defence would be on Count 2. In evidence

he therefore diverted from what he

had told the Court earlier and

therewith disclosed a guilty mind."

Ek vind die landdros se

redenasie/

10.

redenasie mees onoortuigend. Ek dink nie dat dit

wat tydens kruisondervraging gestel is, wesenlik

verskil van dit wat die appellant oor getuig het nie.

Ek volg nie watter belang die landdros heg aan die
feit dat dit in kruisondervraging aan Juon gestel was
dat hy aanvanklik onseker was watse pille dit was nie
Volgens die staatsgetuies het Juon inderdaad hom na
adjutant-offisier Barkhuizen, wat daar aanwesig was,
gewend om te hoor watse pille dit was.

Ek dink ook dat die landdros
oormatiglik gewig heg aan die feit dat die appellant
probeer vlug het. Dit is te begrype dat die
appellant paniekbevange geraak het toe hy gearresteer
en/.....

11.

en geboei was. Selfs al was die houer met pillenet in sy nabyheid gevind, was daar vir die
appellantrede tot groot kommer. Dit was 'n onbesonne daad omte probeer ontvlug, maar dit is
volgens my oordeel, indie besondere omstandighede van die geval, nie noodwendig bewys van
skuldbesef nie.

Wat Juon se getuienis aanbetrefontstaan die vraag natuurlik: hoekom sou hy Valslikbeweer dat
die houer met pille in die appellant se sakwas? In die verband beskou ek die volgende uitlating
vanMiller R in S v Dladla 1974(2) S.A. 689(N) te 691 vannut -

"The improbability which induced themagistrate to find that the accused's
evidence/

12.

evidence was completely unworthy ofbelief was that a detective constablewould

'single out ... an innocent person ...from a group of passengers and linkhim with a bag standing
on the groundnearby".The magistrate did not found this im-probability upon the merits or
integrityof the particular constable whose evidencewas in issue; he appeared to regard itas
inherently improbable that a constablewould do what the accused said this parti-cular constable
did. A different problemwould have arisen if the magistrathad, for example, relied upon his
knowledgeand experience, gained in the course ofhis judicial duties, of the qualities ofthe
particular constable concerned (cfR v L., 1955(1) S.A. 575(T) at

p. 577; R v. P., 1955(2) S.A. 561 (A.D.) at p.564). While I gladly accept that it is not usual to find that innocent persons are deliberately saddled by the police with the crimes of others, in a case

such/

13.

such as this, where the accused gave a detailed account of what he carried when he alighted from the bus and how it came about that he was charged with the possession of dagga found in a suitcase which was never in his possession, something more is required to justify rejection of his evidence than simply that it is unlikely that a constable would act in such fashion. In essence, the magistrate assumed that the constable concerned would not falsely, or in error, attribute possession of the suitcase to the accused and, building upon that assumption, the magistrate found that the accused's evidence was so utterly improbable as to be unworthy of belief. Such an assumption begs the very question posed by the accused's evidence. Whether or not the conduct attributed to the constable was improbable conduct would depend in large measure upon the court's assessment of the constable's integrity and reliability. It would also depend upon the answer to a specific

fact/

14.

fact deposed to by the accused, namely, that when he alighted from the bus he was carrying only an umbrella and a brief-case. In effect, by making an assumption in favour of the State regarding the constable's integrity and reliability, the magistrate rejected the accused's evidence that on that day he carried an umbrella in one hand and a brief-case in the other and that the suitcase was at no time being carried by him."

Vanweë die gebrek in die landdros

se uitspraak van gegronde redes om die appellant se getuigenis te verwerp, kan dit nie gesê word dat sy relaas nie redelik moontlik waar was nie.

Ek wil, ten slotte, daarop wys

dat dit nooit die staat se saak was dat die appellant

getref/

15

getref was deur enige statutêre vermoede vanweë

die nabyheid van die houer met pille aan hom nie

Ek kom derhalwe tot die gevolg-

trekking dat die skuldigbevinding nie gegrond was
nie.

Die appèl slaag. Die skuldig-
bevinding en vonnis opgelê deur die landdros word
ter syde gestel.

ELOFF, Wnde AR

KOTZÉ AR)) STEM SAAMHEFER AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/157.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-edwards-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria